Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Moya Combrink**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20241119-8558

Omsendbrief: 0034/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings in die Algemene Onderwys-en-Opleidingsband

Kort opsomming: *Spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling in 2024 vir leerders in graad 4 tot 9.*

**Onderwerp: Spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling in 2024 vir leerders in graad 4 tot 9**

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Nasionale Assesseringsomsendbrief 05 van 2022, gedateer 05 Oktober 2022, en Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2023, gedateer 21 Oktober 2023, uitgereik, waarin duidelikheid gegee word oor die toepassing van die spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling vir leerders in graad 4 tot 9.

2. Verskeie navorsingsinisiatiewe het bevestig dat leerverliese wat voortspruit uit die ontwrigtings wat deur COVID-19 veroorsaak is, steeds algemeen in die stelsel voorkom. Om hierdie rede moet spesiale punte-aanpassings en kondonasiebedelings vir leerders in graad 4 tot 9 toegepas word totdat die Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 36042 van 28 Desember 2012, hersien word.

3. Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2024, gedateer 31 Oktober 2024, sal in sy geheel van toepassing wees.

4. Die punte-aanpassing en kondonasiebedelings vir 2024 en daaropvolgende jare is soos volg:

4.1 Punte-aanpassings geld slegs vir graad 4- tot 9-leerders.

4.2 ʼn Punte-aanpassing van hoogstens **5%** word toegelaat in ʼn maksimum van enige **drie vakke** wat die leerder neem. Dit beteken dat ʼn punt van tussen **1%** en **5%** van die punt wat die leerder behaal het, aan die leerder toegeken kan word indien die leerder dan die minimum punt behaal wat nodig is om te slaag. Punte-aanpassings moet toegepas word op punte waar die slaagvereiste van 40% en 50% nie behaal is nie, asook op punte tussen 25% en 29%.

4.3 **Vervolgens** moet ʼn kondonasie in Wiskunde toegepas word. Indien ʼn leerder aan al die vereistes vir vordering (vir graad 4 tot 6) of bevordering (vir graad 7 tot 9) van een graad na die volgende voldoen het, maar **nie ʼn vlak 3 (40%) in Wiskunde** behaal het nie, en om hierdie rede teruggehou moet word, moet die leerder in Wiskunde gekondoneer word.

4.4 Waar ʼn leerder die meeste van sy/haar vakke slaag en nie ʼn punte-aanpassing of kondonasie ontvang nie, soos verduidelik in paragrawe 4.2 en 4.3, maar hy/sy verwerf—

(a) minder as 35% in die Eerste Addisionele Taal; of

(b) minder as 25% in twee ander vakke (Huistale uitgesluit);

moet sodanige leerder oorweeg word vir ʼn kondonasie in óf (a) óf in een van die vakke in (b), sodat die leerder na die volgende graad gevorder kan word, mits hy/sy aan al die ander bevorderingsvereistes voldoen het.

4.5 Met verwysing na paragrawe 4.3 en 4.4, moet die punt wat die leerder in die vak behaal het op die punteskedule vertoon word en die letter "**C**" moet langs die punt ingevoer word om aan te dui dat die punt gekondoneer is. Die voorgenoemde geld ook vir die punt wat op die leerder se verslagkaart vertoon moet word. Die volgende stelling moet dus op die leerder se verslagkaart aangebring word:

"*(Vak se naam) punt is gekondoneer en die leerder vorder na die volgende graad*."

4.6 Sou leerders steeds, nadat punte-aanpassings in drie vakke en ʼn kondonasie in Wiskunde gedoen is, nie aan die vorderingsriglyne vir **graad 4 tot 6** voldoen nie, kan leerders steeds op grond van die professionele oordeel van die prinsipaal en opvoeders by die skool **met ondersteuning vorder**.

4.7 In die geval van leerders wat in 2024 in graad 9 is, moet daarop gelet word dat leerders wat ʼn Wiskunde-kondonasie verkry, steeds die opsie het om Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid in graad 10 te neem.

5. Die bogenoemde punte-aanpassings en kondonasiebedelings verander op geen manier die ander vakvorderingsvereistes vir die Intermediêre en Senior Fases nie, soos uiteengesit in die Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 36042 van 28 Desember 2012. Hierdie beleid stipuleer dat ʼn leerder slegs een keer in die Intermediêre en Senior Fase teruggehou mag word en daarom sal normale vorderingsbeginsels geld vir daardie leerders wat reeds in hierdie fase teruggehou is.

6. Prinsipale moes toesien dat hulle, saam met die skoolgebaseerde ondersteuningspanne (SGOS), die geleentheid gebruik het om leerders vroeg in die jaar te identifiseer wat die risiko geloop het om moontlik teruggehou te word. Ouers moes vroegtydig van die leerder se prestasie verwittig geword het en beide die skool en die ouers moes die leerder van bykomende ondersteuning voorsien het. Wanneer 'n leerder se bevordering en vordering aan die einde van die jaar bepaal word, en waar daar bewyse is dat dit nie in die beste belang van die leerder is om teruggehou te word nie, moet die prinsipaal en die SGOS toesien dat die leerder met die nodige ondersteuning na die volgende graad gevorder word.

7. Skole wat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se programme vir optekening en verslagdoening vir graad 4 tot 9 gebruik, moet die volgende proses volg:

7.1 Skole moet die huidige weergawe van SOBIS gebruik.

7.2 Die aanpassings- en kondonasie-prosesse sal volledig geoutomatiseer word sodra die pers knoppie op die skedule geklik word.

7.3 Die skedule, verifikasieblad en verslagkaart sal die veranderinge outomaties vertoon.

8. Skole wat hul eie programme vir optekening en verslagdoening gebruik en leerders het wat deur hierdie spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling geraak sal word, moet die proses wat in hierdie omsendbrief uiteengesit is, volg.

9. Die bygewerkte skedule, aanpassings- en herhalingslyste, asook die verifikasieblad moet gedruk en aan die einde van die jaar by die kringbestuurder vir verifikasie ingedien word.

10. Neem asseblief kennis dat beide die prosesse vir punte-aanpassing en die kondonasiebedeling vanaf 2024 en in daaropvolgende jare op graad 4 tot 9 van toepassing is.

11. Prinsipale van skole wat graad 4 tot 9 aanbied, word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief met alle opvoeders te deel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-20